

# Gesondheid

Hand 20:28-32; 1 Tim 1:3-7; Open 2:1-7

## Inleiding

- Grote maak nie saak nie,
  - wat regtig saak maak is gesondheid.
- As mens net na grote sou kyk om te toets of dit goed gaan met iets,
  - sou jy opgewonde moes wees as jy die oggend opstaan en jou toon is 2 keer sy normale grote geswel.
  - Of as 'n malaria muskiet by die kamer invlieg terwyl jy in die wildtuin sit bekommer jy jou nie want, ag... "kyk hoe klein is die ou dingetjie."
- Vandag vier ons wêreldwyd die Hervorming van die kerk omtrent 500 jaar gelede.
  - 'n Tyd toe die groot Katolieke kerk se siektes uitgewys is,
  - en 'n klein gesonde groepie gelowiges, 'n klein begin gemaak het vir gesondheid.
- Sien, 'n Kerk soos Trinitas of jou eie betrokkenheid by die kerk kan groei vir verkeerde redes soos jou septiese toon,
  - Die mense voer jou soetkoek wat eintlik tjol is maar dis darm lekker tjol.
  - Jy's nou skielik daar omdat jy skuldig voel
  - Of om raakgesien te word
- Of dit kan krimp vir die regte redes soos 'n oorgewig pens
  - jy staan terug dat ander 'n kans kan kry

- die mense loop weg want hulle hou nie van die waarheid wat hulle hoor nie
- – die groter vraag is gesondheid.
- So waarom het die Hervorming werklik gegaan?
- Waaroor gaan ons werk in Trinitas en die veranderinge wat gemaak is of waarmee ons besig is?
- Waarna kyk jy as jy wonder oor jou eie geloofslewe?
- Gesondheid
- Ons gaan
  - eers bietjie 'n gevallestudie doen oor 'n groep Christene in die Bybel se gesondheid.
  - Ons gaan ook daaruit leer wat die pad is terug na gesondheid
  - en laastens 'n paar dinge noem oor tekens van ongesondheid
    - sodat jy jouself kan ondersoek.

## **Gevallestudie: Efese**

- Ons sien in die Christene van die stad Efese iets wat ook in Christene vandag uitspeel, ...dalk ook in jouself.
  - Hulle begin gesond en opgewonde,
  - raak langs die pad siek en traag
  - en moet dan weer uiteindelik terug gebring word na gesond en opgewondenheid.

### *Gesonde begin*

- In Handeling 20 sien ons die groepie Christene van Efese wat maar so 4-5 jaar oud was.
  - Gesond en op die been en op koers

- Paulus het drie jaar daar gewerk en is op pad weg
- Hy waarsku die ouderlinge dan om nie verbaas te wees as moeilikheid kom nie... dit sal kom...
- en dat hulle die Woord van genade
  - – die evangelie
  - - moet bly gebruik om die mense te lei, soos Hy hulle geleer het.

*<sup>28</sup>Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun. <sup>29</sup>Ek weet dat daar ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal indring, en hulle sal die kudde nie ontsien nie. <sup>30</sup>Ja, uit julle eie geledere sal daar mense na vore kom wat met leuens die gelowiges agter hulle aan sal probeer verlei. <sup>31</sup>Wees waaksaam. Onthou dat ek elkeen van julle drie jaar lank onderrig het, aanhoudend, dag en nag, baiekeer met trane. <sup>32</sup>Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het.*

- 'n Gesonde begin... maar dan die siekte...

### *Die siekte*

- Omtrent 5 jaar later het die siekte sy kop uitgesteek
  - En vra Paulus vir sy vriend Timoteus in 1 Tim 1 om in Efese te bly en nog daar te werk

*<sup>3</sup>Soos by my vertrek na Masedonië toe, dring ek nou weer by jou daarop aan om in Efese te bly. Daar is sekere mense wat vals leerstellings versprei, en jy moet hulle dit verbied.*

<sup>4</sup>Hulle moet hulle nie met verdigsels en eindelose geslagsregisters besig hou nie. Sulke dinge gee eerder aanleiding tot twisgesprekke as dat dit die vorming bevorder wat God deur die geloof gee. <sup>5</sup>Die doel van hierdie opdrag is om liefde te wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof kom. <sup>6</sup>Daar is mense wat hiervan afgedwaal het en in 'n vrugtelose gepraat verval het.

- Kyk net na die proses hier!
  - Die Christene het nie meer met opregte geloof vertrou dat Jesus se kruiswerk regtig 100% genoeg was nie,
  - hulle gewetens het hulle toe begin rondjaag,
  - dus nie meer rein harte / [oop gemoed] gehad nie
  - en kon mekaar en ander nie meer opreg liefhê nie
- Hulle was toe eerder aan die stry met mekaar oor wat die Bybel nou presies hieroor of daaroor sê.
  - En die liefde wat moet kom uit
    - hulle rein harte en goeie gewetens
    - vanweë 'n anker in die evangelie
      - ...was weg soosoggend mis teen 10:00.
- Gesond,... toe siek... en nou die pad na herstel:

### *Die pad na herstel*

- In Openbaring 2 stuur Jesus jare later 'n boodskap spesifiek weer aan hierdie einste Christene in Efese...
  - een wat hulle siekte diagnoseer en hulle 'n voorskrif gee vir genesing

*Skrywe aan die leraar van die gemeente in Efese:*

So sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand vashou en wat tussen die sewe goue lampe rondgaan:

<sup>2</sup>Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle onvermoeide arbeid en julle volharding. Julle kan nie slegte mense verdra nie. Julle het ondersoek ingestel na die mense wat voorgee dat hulle apostels is, en dit nie is nie, en gevind dat hulle leuenaars is. <sup>3</sup>Verder volhard julle ook; julle het baie vir my Naam verduur, en julle het nie moeg geword nie.

<sup>4</sup>Maar Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie.

<sup>5</sup>Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het. Anders, as julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat!

- Hier is Dokter Jesus se diagnose in v 4:
  - Julle het my nie meer so lief soos aan die begin nie.
  - [OAV – julle het julle eerste liefde verlaat]
    - – onthou ons het dit in 1 Tim ook al gehoor.
  
- Baie dinge gebeur en julle kan 'n ketter uitsnuffel op 'n afstand...
  - maar julle blinkoog liefde vir Jesus... is nie meer daar nie.
  - En dít is so onmisbaar dat Jesus hulle lamp daarvoor sal wegvat
    - – dit beteken dat hulle as gemeente deur Jesus toegemaak sal word!
    - – en dit het in die laaste 16 jaar sedert 2000 met 35 GKSA kerke gebeur!
    - Dit werk uit op een elke 6 maande.
  - Blinkoog liefde vir Jesus is nie maar
    - Net iets vir die beginners nie
      - En daarna beweeg jy aan nie.

- Dis maak of breek!
- Maar tog skryf Dokter Jesus in v 5 die pad na genesing voor...
  - Vir die GKSA...
  - Vir 'n kerk
  - En dit beteken vir elkeen wat jouself Christen noem.
  - *Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het.*
  - *Bekeer julle*
  - *en doen weer wat julle in die begin gedoen het.*
- So as jy flou voel, siek voel en kragteloos voel as gelowige:
- Dink oor die verlede en die begin,
  - toe jy nog blinkoog oor Jesus se genadeliefde vir jou was.
  - Toe dit jou nog diep getref het dat Hy vir 'n sondaar soos jy tyd en genade het
    - en toe jy opgeleef het en betrokke was
    - sy liefde-werk rondom jou gedoen het
  - Moenie dink,
    - ag dit was die naïwiteit van 'n verliefde begin nie
    - dis verby
  - Dink bietjie dááror! [stilte]
- Dan: gaan terug soontoe!
  - Bekeer, Draai om, keer om!
  - Daarvoor sal daar 'n paar dinge wees om te stop.
  - Vriende/gewoontes/besittings om 'totsiens' voor te sê
    - as jy weer wil begin besig raak met die dinge van vroeër.
    - terug wil gaan na jou blink-oog dae

## Die pad na gesondheid

- Dis die voorskrif terug na gesondheid:
  - Dink terug,
  - bekeer
  - en doen weer.
- Sien, die omkeer vir gesondheid wat nodig is...
  - is daarom in wese 'n bekering in ons harte.
- En dis hoe Paulus die paadjie mos verduidelik het in 1 Tim 1:
  - Vertrou weer met kinderlike geloof dat Jesus se kruiswerk regtig 100% genoeg is vir jou,
  - Dit bring jou gewete en onrustigheid tot rus
  - Met vrede in jou gaan jou hart/gemoed weer oop
  - Vrymoedig om liefde weer te deel met die mense om jou.
    - Nie meer bang oor wat hulle van jou dink
    - En of hulle van jou gaan hou nie.
- Dis die gevalle studie van Efesiërs oor gesondheid:
  - Dit gaan nie oor groot kerk of klein kerk nie
  - Of oor baie weet van die Bybel en stry - of min weet en skaam voel nie
  - Die vraag is... is jy gesond?
  - Kom ons toets...

## Ongesondheid en gesondheid

- Daar is baie tekens wat ongesondheid verklap
  - dat ons oë oor ander dinge blink as oor Jesus

- ander redders maak ons opgewonde
  - maar hulle maak ons nie gesond nie:
- Baie praat en vergaderings by die kerk want die regte besluite gaan ons gesond maak
- Verslaaf aan die tradisies van die verlede
  - asof die goeie ou dae ons Redder is.
- Ek glo in Jesus
  - Maar ek soek krag vir die week deur 'n Sondag van laat slaap en TV.
- Ek gaan gered wees as
  - my man verander,
  - my vrou verander
  - my werksituasie en tyd verander
  - my kinders verander
  - of my inkomste verander... als kan doen met verandering...
    - net nie my hart nie.
- Daar is seker nog meer tekens van ongesondheid.
  - Maar as jy met enige van hierdie kan identifiseer hoor die voorskrif van Jesus:
    - Dink terug
    - Bekeer
    - en doen weer.
- Loop op die spoor soos 1 Tim 1 dit beskryf:
  - Vertrou weer met kinderlike geloof dat Jesus se kruiswerk regtig 100% genoeg is vir jou,
  - Dit bring jou gewete en onrustigheid tot rus
  - Met vrede in jou gaan jou hart/gemoed weer oop



- Vrymoedig om liefde weer te deel met die mense om jou.
- Goeie nuus:
  - Dit kos alles niks
    - – Jesus het klaar hiervoor betaal met sy dood en opstanding aan die kruis
  - Dit was die waarheid wat die Hervormers weer ontdek het
  - Hulle gesond gemaak het
  - En waarmee hulle 'n klein begin gemaak het
    - Wat vandag nog baie wyd uitkring na alle nasies

## **Slot**

- Groot kerk of klein kerk
- Baie weet, min weet
- Dit gaan oor 'n gesondheid wat God wil bring
  - deur ons te herinner om die evangelie as fokus te behou
  - en daarvoor behoort ons Hom te bewonder.

## **Amen**

*Griffel van Wyk  
Trinitas*

*30 Oktober 2016 ~ Hervormingsdag*